higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

7 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.

Kopiereg voorbehou

BELANGRIKE INSTRUKSIES AAN DIE NASIENERS

1. Nasieners moet die vraestel self uitwerk voordat die memorandum bespreek word.

2. Akkuraatheid word met 'n rooi / en manipulasie met 'n blou X nagesien. Dit is om te verseker dat studente beloon word vir opdragte wat goed uitgevoer is, bv. indien akkuraatheid VYF punte tel maar die kandidaat het 10 akkuraatheidsfoute gemaak, sal hy/sy slegs VYF punte vir akkuraatheid verloor en steeds beloon word vir die manipulasie wat korrek uitgevoer is.

3. Alle punte (regmerkies en kruisies) MOET in dieselfde posisie op elke DRUKSTUK gemaak word soos in die nasienriglyn aangedui is. Dit sal konsekwentheid verseker en ook met die modereringsproses help. Akkuraatheidsfoute word negatief met 'n rooi / nagesien. Akkuraatheidsfoute sluit spelfoute, weglatings en herhalings in. Manipulasiefoute word in blou nagesien. Die nasiener skryf die ooreenstemmende manipulasienommer in blou en maak 'n regmerkie (korrek) of 'n X (fout) langs die nommer.

4. Alle onreëlmatighede word nagesien en die punte na die voorblad van die omslag oorgedra. Die woord 'ONREËLMATIGHEID' word langs die persentasie geskryf en 'n onreëlmatigheidsverslag word voltooi.

5. Die punte wat vir elke vraag behaal word, word in die volgende tabelformaat op die DRUKSTUK van elke antwoord geskryf:

	A	M	T
Skryf die totale moontlike punt in hierdie reël -	xx	xx	xx
Skryf die kandidaat se foute in hierdie reël -	x	x	x
Skryf die kandidaat se punt behaal in hierdie reël - Omkring die totale punt wat die kandidaat behaal het	x	x	xx

6. Die kandidaat se totale punt word op die voorblad van die EKSAMENOMSLAG langs die ooreenstemmende vraagnommer geskryf.

7. Indien 'n kandidaat 'n DRUKSTUK ingedien het maar 0 vir die vraag behaal het, word 0 (nul) op die omslag langs die ooreenstemmende vraagnommer geskryf.

8. Indien 'n kandidaat nie 'n DRUKSTUK ingedien het nie, word 'n streep deur die blok langs die ooreenstemmende vraagnommer getrek.

9. Indien 'n kandidaat 'n DRUKSTUK sonder 'n EKSAMENNOMMER en konsekwente watermerk ingedien het, moet die DRUKSTUK nagesien en die punt na die omslag oorgedra word. Die woord 'ONREËLMATIGHEID' word langs die persentasie geskryf en 'n onreëlmatigheidsverslag word voltooi.

Kopiereg voorbehou

10. Indien 'n kandidaat nie 'n DRUKSTUK vir VRAAG 2 ingedien het nie (d.i. het die saamvoegproses voltooi sonder om die primêre dokument te druk), sien soos volg na:

    – Sien die eerste DRUKSTUK vir VRAAG 3 as VRAAG 2 na, maar penaliseer vir die saamvoegvelde wat nie ingevoeg is nie. Dui aan die bokant van die DRUKSTUK aan dat die DRUKSTUK as VRAAG 2 nagesien is.

    Sien die tweede DRUKSTUK/brief van VRAAG 3 as VRAAG 3 na. Die kandidaat moet punte verdien vir al die korrekte werk by VRAAG 3 (insluitend die saamgevoegde inligting in die eerste brief) om te verhoed dat die kandidaat twee keer vir die invoeging van saamvoegvelde gepenaliseer word.

11. Indien 'n kandidaat die verkeerde program gebruik het om 'n vraag te beantwoord, byvoorbeeld MS Word in plaas van MS Access vir VRAAG 9, moet punte vir akkuraatheid toegeken word (asook bokas/onderkas en letterspasiëring), maar vir ander manipulasie gepenaliseer word. Die kandidaat sal alle programspesifieke manipulasiepunte verloor, aangesien dit die kandidaat se vermoë om die gespesifiseerde program te gebruik, assesseer; d.i. MS Word (VRAAG 1–3), MS Excel (VRAAG 4–7) en MS Access (VRAAG 8–10).

12. Indien 'n kandidaat 'n verkeerde DRUKSTUK geproduseer het (byvoorbeeld 'n skermdruk van VRAAG 8), moet punte vir akkuraatheid en enige manipulasie wat op die gegewe DRUKSTUK beoordeel kan word, toegeken word. Die kandidaat sal punte vir die DRUKSTUK en enige ander manipulasie-instruksies wat verkeerd is en nie op die DRUKSTUK beoordeel kan word nie, inboet.

13. Indien 'n kandidaat nie die gespesifiseerde lettertipe gebruik nie, word die kandidaat gepenaliseer tensy die DRUKSTUKKE van 'n verslag vergesel word wat aandui dat die bepaalde lettertipe nie in die MS Office-weergawe wat by daardie sentrum gebruik is, beskikbaar was nie OF die nasieners bepaal het dat die weergawe wat op die eksamenomslag aangedui is, nie vir die bepaalde lettertipe voorsiening maak nie.

14. Indien 'n onreëlmatigheid by die nasienproses waargeneem word, moet die DRUKSTUKKE nagesien en die onreëlmatigheid op die eksamenomslag en op die puntestaat aangedui word, soos deur die nasionale eksameninstruksies bepaal word. 'n Onreëlmatigheidsverslag moet voltooi word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	6
MANIPULASIE	14
TOTAAL	20

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
1.6	6	Alle spelfoute, weglatings en byvoegings in die teks, wat die kopskrif insluit. Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 6 punte. Moenie vir herhaalde foute penaliseer nie. Bokas, onderkas, letterspasiëring en reëlspasiëring moet as manipulasiefoute nagesien word.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
1.1	1	✓	MS Access of MS Word gebruik om die databrondokument te skep
1.2	2	✓	Lettertipe: Arial, grootte 12 (Albei MOET korrek wees om die punt te verdien)
1.3	3	✓	Tabel hernoem (MS Access) of Kopskrif ingevoeg (MS Word)
1.3	4	✓	EKSAMENNOMMER, VRAAG 1 – in kopskrif gesentreer (MS Word) EKSAMENNOMMER, VRAAG 1 in Tabelnaam (MS Access)
1.4	5	✓	Databrondokument met die korrekte veldname geskep
1.5	6	✓	Veldname in hoofletters
1.6	7	✓	Bokas en onderkas korrek
1.6	8	✓	Letterspasiëring korrek
1.7	9	✓	Regsbelyn die inhoud in die "NAAM VAN INSTELLING"-kolom
1.8	10	✓	Bladsy-oriëntasie: Landskap
1.9	11	✓	Kolomwydte aangepas om te verseker dat alle inligting leesbaar is
1.9	12	✓	Kolomwydte aangepas om data vir elke rekord in een ry in te pas soos aangedui is (NB: Slegs veldname kan in 2 rye vertoon word)
1.11	13	✓	Databron uit MS Access/MS Word gedruk
1.11	14	✓	Databron op EEN A4-bladsy gedruk (NB: Punt vir landskap in Nr. 10 toegeken)

[20]

1 Ms Access/MS Word gebruik✓
2 Arial, grootte 12✓

3 ✓ Tabel hernoem/Kopskrif ingevoeg
4 ✓ EKSAMENNOMMER, VRAAG 1 gesentreer

EKSAMENNOMMER, VRAAG 1

5 ✓ Veldname korrek
6 ✓ Veldname in bokas

NAAM VAN INSTELLING	INSKRYWINGS	AANTAL DWELMVERSLAWINGS	AANTAL ALKOHOLVERSLAWINGS	AANTAL REHABILITASIES
XYZ-gemeenskapsentrum	1 550	35	125	82
Mbalentle Kollege	2 500	167	200	205
Khethowakhe Instelling	3 000	200	99	120
Bright Future Kollege	3 500	500	345	400

7 ✓ Bokas en onderkas korrek
8 ✓ Letterspasiëring korrek
9 ✓ Regsbelyn inhoud in die NAAM VAN INSTELLING-kolom

10 ✓ Bladsy-oriëntasie: Landskap
11 ✓ Kolomwydte aangepas – alle inligting leesbaar
12 ✓ Kolomwydte aangepas – data vir elke rekord pas in een reël (slegs veldname - 2 rye)
13 ✓ Databron uit Ms Access/MS Word gedruk
14 ✓ Databron op EEN bladsy gedruk

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

Indien die kandidaat nie die databrondokument soos aangedui geproduseer het nie, moet die DRUKSTUK nagesien en vir Nr. 1 (Databron) gepenaliseer word.

Indien die kandidaat die teks in die eerste ry ingesleutel het, penaliseer 2 akkuraatheidspunte: 1 punt vir “VELDNAME” en 1 punt vir “REKORDS”.

A	M	T
6	14	20

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	10
MANIPULASIE	38
TOTAAL	48

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
2.4	10	Alle spelfoute, weglatings en byvoegings in die teks, wat die kopskrif insluit. Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 10 punte. Moenie vir herhaalde foute penaliseer nie. Bokas, onderkas, letterspasiëring en reëlspasiëring moet as manipulasiefoute nagesien word.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
2.1	1	✓	Korrekte program gebruik: MS Word
2.2	2	✓	Kopskrif ingevoeg
2.2	3	✓	VRAAG 2 (linksbelyn) en EKSAMENNR. (regsbelyn) (Albei MOET korrek wees om 'n punt te verdien)
2.3	4	✓	Lettertipe Arial, grootte 12 konsekwent gebruik tensy anders aangedui is (Albei MOET korrek wees om die punt te verdien)
2.4	5	✓	Reëlafstand korrek
2.4	6	✓	Bokas en onderkas korrek
2.4	7	✓	Letterspasiëring korrek
2.5	8	✓	Die woorde "WIE DIT MAG AANGAAN" in bokas
2.5	9	✓	Die woorde "WIE DIT MAG AANGAAN" in vetdruk
2.6	10	✓	Die hoofopskrif 'Alkoholmisbruik onder ...' in lettertipe Algerian, grootte 16 (Albei MOET korrek wees om 'n punt te verdien)
2.7	11	✓	Hoofopskrif korrek onderstreep soos aangedui is (onderbroke onderstreping)
2.8	12	✓	1ste paragraaf – Volle justering
2.9	13	✓	Die sin wat begin met "Die volgende statistiek ..." dubbele onderstreep
2.10	14	✓	Saamvoegvelde korrek ingevoeg: <<NAAM_VAN_INSTELLING>>
2.10	15	✓	Saamvoegvelde korrek ingevoeg: <<INSKRYWINGS>>

2.10	16	✓	Saamvoegvelde korrek ingevoeg: <<AANTAL DWELMVERSLAWINGS>>
2.10	17	✓	Saamvoegvelde korrek ingevoeg: <<AANTAL ALKOHOLVERSLAWINGS>>
2.10	18	✓	Saamvoegvelde korrek ingevoeg: <<AANTAL REHABILITASIES>>
2.10	19	✓	Saamvoegvelde in die korrekte posisie ingevoeg (Ken dit punt toe indien die saamvoegvelde korrek belyn is)
2.11	20	✓	Die sin wat begin met 'Die volgende tabel verteenwoordig sommige ...' Kursief
2.11	21	✓	Die sin wat begin met 'Die volgende tabel verteenwoordig sommige ...' Regsbelyn
2.12	22	✓	Tabel met 2 kolomme ingevoeg soos aangedui is
2.12	23	✓	Tabel het vier rye soos aangedui is
2.12	24	✓	Linkerkolom bevat die korrekte teks
2.12	25	✓	Regterkolom bevat die korrekte teks
2.13	26	✓	Kolpunte korrek in die linkerkolom ingevoeg (Aanvaar enige kolpunttipe)
2.13	27	✓	Nommering korrek in die regterkolom ingevoeg (Aanvaar enige tipe nommering)
2.14	28	✓	Verskaduïng in die eerste ry van die tabel gebruik
2.14	29	✓	Verskaduïng korrek gebruik (Penaliseer indien die verskaduïng te lig is (nie sigbaar is nie) of te donker is (teks nie leesbaar nie)
2.15	30	✓	Bladsybreuk korrek ingevoeg
2.16	31	✓	Prent/knipselkuns links ingevoeg (Aanvaar enige toepaslike prent/knipselkuns)
2.16	32	✓	Prent aan die linkerkant korrek geherskaleer (Penaliseer slegs indien die prent te klein of te groot is in verhouding tot die grootte wat in die vraag aangedui is)
2.16	33	✓	Prent/knipselkuns regs ingevoeg (Aanvaar enige geskikte prent/knipselkuns)
2.16	34	✓	Prent regs korrek geherskaleer Penaliseer slegs indien die prent te klein of te groot is in verhouding tot die grootte wat in die vraag aangedui is
2.17	35	✓	Slagspreuk gesentreer
2.17	36	✓	Slagspreuk in vetdruk
2.18	37	✓	Speltoetser gebruik (Penaliseer indien daar enige spelfoute in die dokument is)
2.20	38	✓	Primêre dokument op TWEE A4-portretbladsye gedruk

[48]

VRAAG 2

1 ✓ Korrekte program gebruik
2 ✓ Kopskrif ingevoeg
3 ✓ VRAAG (linksbelyn) en EKSAMENNR. (regsbelyn)
2 ✓ Lettertipe Arial, grootte 12

5 ✓ Reëlafstand korrek
6 ✓ Bokas en onderkas korrek
7 ✓ Letterspasiëring korrek

EKSAMENNOMMER

WIE DIT MAG AANGAAN

8 ✓ "Wie dit mag ... : in bokas
9 ✓ "Wie dit mag ... " in vetdruk

ALKOHOLMISBRUIK ONDER STUDENTE IS VINNIG BESIG OM 'N NASIONALE KRISIS TE WORD

10 ✓ Opskrif – Algerian, grootte 16
11 ✓ Opskrif – Onderbroke onderstreping

Middelmisbruik is geïdentifiseer as een van die belangrikste sosiale euwels waarmee studente by die land se instellings van hoër onderwys gekonfronteer word. Alhoewel daar nie amptelike nasionale syfers is van studente wat middels misbruik nie, bevestig beskikbare inligting dat probleme met middelmisbruik in die land se akademiese instellings bestaan. Bevindinge van 'n studie wat by een van die land se instellings uitgevoer is, toon byvoorbeeld dat die meerderheid studente alkohol misbruik.

12 ✓ 1ste paragraaf – ten volle gejusteer
13 ✓ Dubbel onderstreep

<u>Die volgende is statistiek van middelmisbruik by sommige van die instellings:</u>

Naam van die instelling: «NAAM_VAN_INSTELLING»
Aantal inskrywings: «INSKRYWINGS»
Studente wat aan dwelms verslaaf is: «AANTAL DWELMVERSLAWINGS»
Studente wat aan alkohol verslaaf is: «AANTAL ALKOHOLVERSLAWINGS»
Suksesvolle rehabilitasies: «AANTAL_SUKSESVOLLE_REHABILITASIES

14 ✓ «NAAM_VAN_ INSTELLING»
15 ✓ «INSKRYWINGS»
16 ✓ «AANTAL_DWELM-VERSLAWINGS»
17 ✓ «AANTAL_ALKOHOL-VERSLAWINGS»
18 ✓ «AANTAL_ SUKSESVOLLE_ REHABILITASIES»

19 ✓ Saamvoegvelde in die korrekte posisie ingevoeg✓

Die volgende tabel verteenwoordig sommige van die belangrikste bydraende faktore wat tot middelmisbruik onder tersiêre studente lei:

20 ✓ Die sin, "Die volgende ..." kursief 21 ✓ Sin, "Die volgende…" regsbelyn

➢ Psigologiese faktore	1) Sosiale faktore
➢ Depressie	2) Nabootsing van rolmodelle
➢ Selftwyfel	3) Portuurdruk
➢ Swak selfrespek	4) Swak ouerlike monitering

22 ✓ Tabel met twee kolomme
23 ✓ Tabel met vier rye
24 ✓ Korrekte teks – linkerkolom
25 ✓ Korrekte teks – regterkolom

26 ✓ Kolpunte korrek ingevoeg

27 ✓ Nommering korrek ingevoeg

28 ✓ 1ste ry verskadu
29 ✓ Verskaduïng korrek
30 ✓ Bladsybreuk korrek ingevoeg


Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

EKSAMENNOMMER



31 ✓ Prent/knipselkuns links ingevoeg
32 ✓ Prent aan die linkerkant korrek geherskaleer
33 ✓ Prent/knipselkuns regs ingevoeg
34 ✓ Prent/knipselkuns regs korrek geherskaleer



KRY HULP EN NEEM JOU LEWE TERUG!

35 ✓ Slagspreuk gesentreer
36 ✓ Slagspreuk in vetdruk

37 ✓ Speltoetser gebruik (geen spelfoute nie)
38 ✓ Antwoord op 2 A4-portretbladsye

A	M	T
10	38	48

VRAAG 3

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	0
MANIPULASIE	12
TOTAAL	12

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
3.2	1	✓	Kopskrif met voetskrif vervang (Trek 'n punt af indien die kopskrif én die voetskrif verskyn)
3.2	2	✓	Voetskrif: VRAAG 3 (linksbelyn) en EKSAMENNR. (regsbelyn) (Albei MOET korrek wees om 'n punt te verdien)
3.3	3	✓	Saamgevoegde inligting – 1ste brief – Mbalentle Kollege
3.3	4	✓	Saamgevoegde inligting – 1ste brief – 2500
3.3	5	✓	Saamgevoegde inligting – 1ste brief – 167
3.3	6	✓	Saamgevoegde inligting – 1ste brief – 200 & 205 (albei korrek)
3.3	7	✓	Saamgevoegde inligting – 2de brief – Khethowakhe Instelling
3.3	8	✓	Saamgevoegde inligting – 2de brief – 3000
3.3	9	✓	Saamgevoegde inligting – 2de brief – 200
3.3	10	✓	Saamgevoegde inligting – 2de brief – 99 & 120 (albei korrek)
3.5	11		Slegs TWEE briewe gedruk (Mbalentle en Khethowakhe) (Penaliseer indien al die briewe gedruk is)
3.5	12	✓	Elke brief op TWEE A4-portretbladsye gedruk

[12]

TOTAAL AFDELING A: 80

1 ✓ Kopskrif met voetskrif vervang
2 ✓ Vraag 3 (linksbelyn) Eksamennr. (regsbelyn)

WIE DIT MAG AANGAAN

ALKOHOLMISBRUIK ONDER STUDENTE IS VINNIG BESIG OM 'N NASIONALE KRISIS TE WORD

Middelmisbruik is geïdentifiseer as een van die belangrikste sosiale euwels waarmee studente by die land se instellings van hoër onderwys gekonfronteer word. Alhoewel daar nie amptelike nasionale syfers is van studente wat middels misbruik nie, bevestig beskikbare inligting dat probleme met middelmisbruik in die land se akademiese instellings bestaan. Bevindinge van 'n studie wat by een van die land se instellings uitgevoer is, toon byvoorbeeld dat die meerderheid studente alkohol misbruik.

Die volgende is statistiek van middelmisbruik by sommige van die instellings:


Naam van die instelling:	Mbalentle Kollege
Aantal inskrywings:	2500
Studente wat aan dwelms verslaaf is:	167
Studente wat aan alkohol verslaaf is:	200
Suksesvolle rehabilitasies:	205

3 ✓ Mbalentle Kollege
4 ✓ 2500
5 ✓ 167
6 ✓ 200 & 205 (albei korrek)

Die volgende tabel verteenwoordig sommige van die belangrikste bydraende faktore wat tot middelmisbruik onder tersiêre studente lei:

➢ Psigologiese faktore	1) Sosiale faktore
➢ Depressie	2) Nabootsing van rolmodelle
➢ Selftwyfel	3) Portuurdruk
➢ Swak selfrespek	4) Swak ouerlike monitering





KRY HULP EN NEEM JOU LEWE TERUG!

VRAAG 3

EKSAMENNOMMER

WIE DIT MAG AANGAAN

ALKOHOLMISBRUIK ONDER STUDENTE IS VINNIG BESIG OM 'N NASIONALE KRISIS TE WORD

Middelmisbruik is geïdentifiseer as een van die belangrikste sosiale euwels waarmee studente by die land se instellings van hoër onderwys gekonfronteer word. Alhoewel daar nie amptelike nasionale syfers is van studente wat middels misbruik nie, bevestig beskikbare inligting dat probleme met middelmisbruik in die land se akademiese instellings bestaan. Bevindinge van 'n studie wat by een van die land se instellings uitgevoer is, toon byvoorbeeld dat die meerderheid studente alkohol misbruik.

Die volgende is statistiek van middelmisbruik by sommige van die instellings:

Naam van die instelling:	Khethowakhe Instelling
Aantal inskrywings:	3000
Studente wat aan dwelms verslaaf is:	200
Studente wat aan alkohol verslaaf is:	99
Suksesvolle rehabilitasies:	120

7 ✓ Khethowakhe Instelling

8 ✓ 3000

9 ✓ 200


10 ✓ 99 & 120 (albei korrek)

Die volgende tabel verteenwoordig sommige van die belangrikste bydraende faktore wat tot middelmisbruik onder tersiêre studente lei:

➢ Psigologiese faktore	5) Sosiale faktore
➢ Depressie	6) Nabootsing van rolmodelle
➢ Selftwyfel	7) Portuurdruk
➢ Swak selfrespek	8) Swak ouerlike monitering

VRAAG 3 EKSAMENNOMMER





KRY HULP EN NEEM JOU LEWE TERUG!

11 ✓ Slegs TWEE briewe gedruk 12 ✓ Elke brief op TWEE A4-portretbladsye gedruk

A	M	T
0	12	12

[12]

VRAAG 3 EKSAMENNOMMER

VRAAG 4

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	6
MANIPULASIE	18
TOTAAL	24

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
4.4	6	Alle spelfoute, weglatings en bykomende teks/syfers in die dokument, wat die kopskrif insluit. Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 6 punte.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
4.1	1	✓	Korrekte program gebruik (MS Excel)
4.2	2	✓	Voetskrif ingevoeg
4.2	3	✓	EKSAMENNOMMER en VRAAG 4 (Gesentreer)
4.3	4	✓	Lettertipe: Arial Narrow, grootte 12 (Albei MOET korrek wees om die punt te verdien)
4.4	5	✓	Bokas en onderkas korrek
4.4	6	✓	Letterspasiëring korrek
4.5	7	✓	Opskrif oor kolom A–C linksbelyn
4.6	8	✓	Opskrif lettertipe: Britannic Bold, grootte 14 (Albei MOET korrek wees om 'n punt te verdien)
4.7	9	✓	Ry 3 en 4 saamgevoeg – "TIPES MISBRUIKERS" korrek oor ry 3 en ry 4 vertoon
4.8	10	✓	Kolomopskrifte in vetdruk
4.8	11	✓	Kolomopskrifte regsbelyn
4.9	12	✓	Oop ry (ry 5) geskrap
4.10	13	✓	Alle syfers as heelgetalle vertoon (geen desimale nie)
4.10	14	✓	Alle syfers regsbelyn
4.11	15	✓	Kolomwydte aangepas en alle inligting is leesbaar
4.12	16	✓	Horisontale en vertikale strepe korrek ingevoeg
4.12	17	✓	Korrekte wydte (dikte) van rame gebruik soos aangedui is
4.13	18	✓	Sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy gedruk

[24]

1 ✓ MS Excel gebruik
2 ✓ en 3 ✓ (verwys na voetskrif)
4 ✓ Arial Narrow, grootte 12

5 ✓ Bokas & Onderkas korrek
6 ✓ Letterspasiëring korrek
7 ✓ Opskrif oor kolom A–C linksbelyn
8 ✓ Opskrif – Britannic Bold, grootte 14

SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY

Geskatte % vermindering: 10%

TIPES MISBRUIKERS	2021	REHABILITASIES 2022	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
Vroulike Tieners	21546	23500	
Vroulike Jeugdiges	10888	13000	
Manlike Tieners	35124	38500	
Manlike Jeugdiges	10345	13500	
Vroulike Volwassenes	5484	9500	
Manlike Volwassenes	8654	12500	

9 ✓ Saamgevoeg en gesentreer (Ry 3 & 4)
10 ✓ Vetdruk
11 ✓ Regsbelyn
12 ✓ Oop ry geskrap

13 ✓ Alle syfers as heelgetalle vertoon (geen desimale nie)
14 ✓ Alles syfers regsbelyn
15 ✓ Kolomwydte aangepas – alle inligting leesbaar
16 ✓ Horisontale en vertikale strepe korrek ingevoeg
17 ✓ Korrekte wydte (dikte) van rame gebruik soos aangedui is
18 ✓ Sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy gedruk

A	M	T
6	18	24

[24]

2 ✓ Voetskrif ingevoeg✓
3 ✓ Vraagnommer en Eksamennr. (gesentreer)

VRAAG 4 EKSAMENNOMMER

VRAAG 5

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	6
MANIPULASIE	26
TOTAAL	32

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
5.3	6	Alle spelfoute, weglatings en bykomende teks/syfers (slegs nuut ingesleutelde teks) Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 6 punte.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
5.2	1	✓	Voetskrif met kopskrif vervang (Penaliseer indien voetskrif steeds in sigblad verskyn)
5.2	2	✓	Vraag 5 (linksbelyn) en EKSAMENNR. (regsbelyn) (Albei MOET korrek wees punt om toe te ken)
5.3	3	✓	Nuwe rye en kolomme korrek ingevoeg
5.3	4	✓	Bokas en onderkas van nuut ingesleutelde teks korrek
5.3	5	✓	Letterspasiëring van nuwe teks korrek
5.4	6	✓	Hoofopskrif regsbelyn soos aangedui is
5.5	7	✓	Hoofopskrif dubbel onderstreep
5.6	8	✓	Kolomopskrif, 'REHABILITASIES' oor sel B3 en C3 saamgevoeg soos aangedui is.
5.7	9	✓	Alle kolomopskrifte gesentreer
5.8	10	✓	Lettertipe na Broadway, grootte 12 in nuwe kolomopskrifte (Kolom D en E) (Albei MOET korrek wees om die punt te verdien)
5.9	11	✓	Inligting vir 'TIPES MISBRUIKERS' (sel A5–A10) kursief.
5.10	12	✓	Formules in die korrekte selle
5.10.1	13	✓	TOTALE HERSTELGEVALLE korrek bereken: 45046
5.10.2	14	✓	VERSKIL IN REHABILITASIES korrek bereken: 1954
5.10.3	15	✓	GESKATTE VERMINDERING IN 2023 korrek bereken: 4505
5.10.4	16	✓	TEL AANTAL MISBRUIKERS korrek bereken: 6
5.10.5	17	✓	LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS korrek bereken: 9500
5.10.6	18	✓	GEMIDDELD korrek bereken: 18416.7
5.11	19	✓	*Autofill* in Kolom D, E en F – formules/syfers na die selle gekopieer soos deur die pyltjie aangedui is (Alles moet korrek wees om die punt te verdien)

5.12	20	✓	Syfers in Kolom D-F in vetdruk
5.13	21	✓	Syfers vir GESKATTE VERMINDERING in 2023 as heelgetalle (geen desimale nie) vertoon
5.14	22	✓	Vertoon die syfer vir gemiddeld as syfer met EEN desimale plek
5.15	23	✓	Horisontale en vertikale lyne ingevoeg soos aangedui is (nuwe kolomme en rye)
5.16	24	✓	'n Dik buiteraam ingevoeg (nuwe kolomme en rye)
5.17	25	✓	Kolomwydtes aangepas om die inhoud te vertoon
5.19	26	✓	Sigblad op EEN A4-landskapbladsy sonder ry- en kolomopskrifte gedruk (Alles moet korrek wees om die punt te verdien)

[32]

VRAAG 5

1 ✓ Voetskrif met kopskrif vervang
2 ✓ V5 linksbelyn, Eksamennr. regsbelyn
3 ✓ Nuwe rye en kolomme korrek ingevoeg
4 ✓ Bokas en onderkas korrek (nuwe teks)
5 ✓ Letterspasiëring korrek (nuwe teks)

6 ✓ Hoofopskrif regsbelyn
7 ✓ Hoofopskrif dubbel onderstreep
8 ✓ REHABILITASIES - saamgevoeg en gesentreer (B3-C3)
9 ✓ Alle kolomopskrifte gesentreer
10 ✓ Nuwe kolomopskrifte – Broadway, 12

11 ✓ Sel A5–A10 – Kursief

SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY

Geskatte % vermindering: 10%

TIPES MISBRUIKERS	REHABILITASIES		TOTALE REHABILITASIES	VERSKIL IN REHABILITASIES	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
	2021	2022			
Vroulike Tieners	21546	23500	**45046**	**1954**	**4505**
Vroulike Jeugdiges	10888	13000	**23888**	**2112**	**2389**
Manlike Tieners	35124	38500	**73624**	**3376**	**7362**
Manlike Jeugdiges	10345	13500	**23845**	**3155**	**2385**
Vroulike Volwassenes	5484	9500	**14984**	**4016**	**1498**
Manlike Volwassenes	8654	12500	**21154**	**3846**	**2115**

TEL AANTAL MISBRUIKERS	6	
LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS		9500
GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS		18416.7

✓✓✓ Akkuraatheid (nuwe kolomopskrifte)
✓✓✓ Akkuraatheid (nuwe rye)

12 ✓ Berekeninge in die korrekte selle
13 ✓ Totale Rehabilitasies: 45046
14 ✓ Verskil in Rehabilitasies: 1954
15 ✓ Geskatte Vermindering: 4505
16 ✓ Tel Aantal: 6
17 ✓ Laagste Aantal: 9500

19 ✓ *Autofill* in Kolom D, E en F
20 ✓ Syfers in Kolom D–F in vetdruk
21 ✓ Heelgetalle (geen desimale nie)
22 ✓ Syfer met 1 desimale plek
23 ✓ Horisontale en vertikale strepe ingevoeg soos aangedui is
24 ✓ Dik raam ingevoeg soos aangedui is
25 ✓ Kolomwydtes aangepas om die inhoud te vertoon
26 ✓ Op EEN A4-landskapbladsy sonder ry- en kolomopskrifte gedruk (alles korrek)

A	M	T
6	**26**	**32**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	0
MANIPULASIE	12
TOTAAL	12

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
6.1	1	✓	Vraag 5 herwin
6.2	2	✓	Vraagnommer in kopskrif verander
6.3	3	✓	Korrekte formule: TOTALE REHABILITASIES
6.3	4	✓	Korrekte formule: VERSKIL IN REHABILITASIES
6.3	5	✓	GESKATTE VERMINDERING IN 2023 – Formule wat gebruik is, kan die korrekte hoeveelheid produseer – Aanvaar alternatiewe formule: D5*B2 of D5*10% (NB: Indien die absolute selverwysing nie gebruik is nie, word die kandidaat by Nr. 6 en Nr. 7 gepenaliseer)
6.3	6	✓	Absolute selverwysing word korrek in die formule gebruik (Penaliseer indien die absolute selverwysing nie in die formule gebruik is nie)
6.3	7	✓	Absolute selverwysing na die selle wat met die pyl aangedui is, gekopieer. (NB: Hierdie punt word toegeken vir die kopiëring van 'n formule met absolute selverwysing)
6.3	8	✓	KORREKTE FORMULE: TEL AANTAL MISBRUIKERS
6.3	9	✓	Korrekte formule: LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS
6.3	10	✓	Korrekte formule: GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS
6.4	11	✓	Kolomwydte aangepas en alle formules is sigbaar
6.6	12	✓	Op EEN A4-landskapbladsy gedruk

[12]

VRAAG 6

1✓ Vraag 5 herwin
2 ✓ Vraagnommer in kopskrif verander

EKSAMENNOMMER

SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY

Geskatte % vermindering: 0.1

TIPES MISBRUIKERS	REHABILITASIES		TOTALE REHABILITASIES	VERSKIL IN REHABILITASIES	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
	2021	2022			
Vroulike Tieners	21546	23500	**=SUM(B5:C5)**	**=C5-B5**	**=D5*B2**
Vroulike Jeugdiges	10888	13000	**=SUM(B6:C6)**	**=C6-B6**	**=D6*B2**
Manlike Tieners	35124	38500	**=SUM(B7:C7)**	**=C7-B7**	**=D7*B2**
Manlike Jeugdiges	10345	13500	**=SUM(B8:C8)**	**=C8-B8**	**=D8*B2**
Vroulike Volwassenes	5484	9500	**=SUM(B9:C9)**	**=C9-B9**	**=D9*B2**
Manlike Volwassenes	8654	12500	**=SUM(B10:C10)**	**=C10-B10**	**=D10*B2**

TEL AANTAL MISBRUIKERS	=COUNT(B5:B10)	
LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS		=MIN(C5:C10)
GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS		=AVERAGE(C5:C10)

3 ✓ Korrekte formule: TOTALE REHABILITASIES
4 ✓ Korrekte formule: VERSKIL IN REHABILITASIES
5 ✓ GESKATTE VERMINDERING IN 2023 – Formule korrek – produseer korrekte resultaat
6 ✓ Absolute selverwysing korrek in die formule gebruik
7 ✓ Absolute selverwysing na selle gekopieer

8 ✓ Korrekte formule: TEL AANTAL MISBRUIKERS
9 ✓ Korrekte formule: LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS
10 ✓ Korrekte formule: GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS
11 ✓ Kolomwydte aangepas en alle formules is sigbaar
12 ✓ Op EEN A4-landskapbladsy gedruk

A	M	T
0	**12**	**12**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	1
MANIPULASIE	11
TOTAAL	12

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
7.5	1	Spelfoute, weglating of bykomende teks in die grafiektitel tot 'n maksimum van 1 punt. EEN punt per fout.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
7.2	1	✓	Skrap die kopskrif
7.3	2	✓	3-D segmentgrafiek ingevoeg
7.3	3	✓	Korrekte inligting vertoon – Rehabilitasie van Misbruikers vir 2021
7.4	4	✓	Vertoon die legende aan die linkerkant van die grafiek
7.4	5	✓	Korrekte inligting in die legende vertoon. (Penaliseer indien die legende die woorde “series” vertoon)
7.5	6	✓	Grafiektitel bokant die grafiek gesentreer
7.5	7	✓	Grafiektitel in Arial Black, 12 (Albei moet korrek wees om die punt te verdien)
7.6	8	✓	Vulkleur na liggrys verander (Penaliseer indien daar nie aanduiding is dat die kleur verander is nie of indien die kleur te donker is – teks nie sigbaar nie)
7.7	9	✓	Herskaleer die grafiek om onder die sigblad in te pas
7.7	10	✓	Herskaleer om grafiek en die sigblad op een A4-landskapbladsy in te pas
7.9	11	✓	Grafiek as voorwerp op EEN bladsy gedruk

[12]

TOTAAL AFDELING B: 80


SUID-AFRIKAANSE STATISTIEK OOR OORDREWE DRINKERY

Geskatte % vermindering: 10%

TIPES MISBRUIKERS	REHABILITASIES		TOTALE REHABILITASIES	VERSKIL IN REHABILITASIES	GESKATTE VERMINDERING IN 2023
	2021	2022			
Vroulike Tieners	21546	23500	**45046**	**1954**	**4505**
Vroulike Jeugdiges	10888	13000	**23888**	**2112**	**2389**
Manlike Tieners	35124	38500	**73624**	**3376**	**7362**
Manlike Jeugdiges	10345	13500	**23845**	**3155**	**2385**
Vroulike Volwassenes	5484	9500	**14984**	**4016**	**1498**
Manlike Volwassenes	8654	12500	**21154**	**3846**	**2115**

TEL AANTAL MISBRUIKERS	6	
LAAGSTE AANTAL MISBRUIKERS		9500
GEMIDDELDE AANTAL MISBRUIKERS		18416.7

✓Akkuraatheid – Grafiektitel



1 ✓ Skrap die kopskrif
2 ✓ 3-D segmentgrafiek ingevoeg
3 ✓ Korrekte inligting vertoon
4 ✓ Legende aan die linkerkant van die grafiek vertoon
5 ✓ Korrekte inligting in die legende vertoon
6 ✓ Grafiektitel bokant die grafiek gesentreer
7 ✓ Grafiektitel – Arial Black, 12
8 ✓ Vulkleur na liggrys verander
9 ✓ Herskaleer die grafiek om onder die sigblad in te pas
10 ✓ Herskaleer om op EEN A4-landskapbladsye in te pas
11 ✓ Grafiek as voorwerp op EEN bladsy gedruk

A	M	T
1	11	12

VRAAG 8

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	2
MANIPULASIE	10
TOTAAL	12

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
8.3	2	Alle spelfoute, weglatings en bykomende teks in die veldname. Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 2 punte.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
8.1	1	✓	MS Access gebruik en die lêernaam is korrek: OORMATIGE DRINKERY.accdb (Albei moet korrek wees om die punt te verdien)
8.2	2	✓	Tabelnaam: EKSAMENNOMMER, VRAAG 8
8.3	3	✓	GESLAG: Datatipe – *Short Text* (Aanvaar *Text*)
8.3	4	✓	GESLAG: Veldgrootte – 18
8.3	5	✓	INSTELLING: Datatipe en grootte korrek – *Short Text*, 20 (Aanvaar *Text*) Albei moet korrek wees
8.3	6	✓	REHABILITASIES: Datatipe – *Long integer*
8.3	7	✓	UITDAGINGS: Datatipe – *Short Text* (Aanvaar *Text*)
8.3	8	✓	UITDAGINGS: Veldgrootte – 30
8.4	9	✓	Struktuur van die databasis sonder ekstra eienskappe en indekse gedruk (slegs veldname en groottes)
8.4	10	✓	Struktuur op EEN A4-portretbladsy gedruk

[12]

1 ✓ MS Access gebruik en veldnaam korrek - OORMATIGE DRINKERY.accdb

C:\Users\MABIDA\Documents\OORMATIGE DRINKERY.accdb Monday, 02 May 2022
Tabel: EKSAMENNOMMER VRAAG 8 Page: 1

2 ✓ Tabelnaam: EKSAMENNOMMER, VRAAG 8

Kolomme

Naam	Tipe	Grootte xxxxxx
GESLAG	*Short Text*	18
INSTELLING	*Short Text*	20
REHABILITASIES	*Long Integer*	4
UITDAGINGS	*Short Text*	30

✓✓AKKURAATHEID – VELDNAME

3 ✓ GESLAG: *Short text*
4 ✓ GESLAG: Veldgrootte 18
5 ✓ INSTELLING: *Short text*, 20 (Albei moet korrek wees)
6 ✓ REHABILITASIES: *Long Integer*
7 ✓ UITDAGINGS: *Short Text*
8 ✓ UITDAGINGS: Veldgrootte – 30
9 ✓ Druk sonder ekstra indekse en eienskappe (slegs veldname, tipe en grootte)
10 ✓ Op EEN A4-portretbladsy gedruk

It seems as though tht QP and MG do not correspond.

A	M	T
2	10	12

VRAAG 9

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	8
MANIPULASIE	9
TOTAAL	17

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
9.3	8	Alle spelfoute, weglatings en bykomende teks in die rekords. Trek EEN punt per fout af tot 'n maksimum van 8 punte. Herhaalde foute word slegs een keer gepenaliseer.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
9.2	1	✓	Tabel korrek hernoem (NB: Penaliseer indien die woord '*copy*' verskyn aangesien dit verwyder moet word wanneer die tabel as EKSAMENNOMMER, VRAAG 9 hernoem word)
9.3	2	✓	Bokas en onderkas korrek
9.3	3	✓	Letterspasiëring korrek
9.4	4	✓	Nuwe rekord ingevoeg
9.5	5	✓	Tabel volgens INSTELLING met ooreenstemmende inligting gesorteer (Penaliseer indien die ooreenstemmende inligting nie gesorteer is nie)
9.5	6	✓	INSTELLING-kolom in dalende volgorde gesorteer
9.6	7	✓	Vind 'tieners' en vervang met 'Tienderjariges' (TWEE vervangings moet korrek wees om die punt te verdien)
9.7	8	✓	Kolomwydtes aangepas en alle inligting is leesbaar
9.9	9	✓	Tabel op EEN A4-landskapbladsy gedruk

[17]

EKSAMENNOMMER, VRAAG 9

1✓ Tabel korrek hernoem

GESLAG	INSTELLING	REHABILITASIES	UITDAGINGS
Vroulike volwassenes	Success	12500	Alkoholmisbruik
Vroulike jeugdiges	Pfundzo	38500	Alkoholmisbruik
Manlike tienderjariges	My Destiny	13000	Dwelm- en alkoholmisbruik
Mans en Vrouens	Millennium	130000	Alkohol- en dwelmmisbruik
Manlike volwassenes	Mbalentle	9500	Alkohol- en dwelmmisbruik
Manlike jeugdiges	Dyondzo	13500	Dwelmmisbruik
Vroulike tienderjariges	Bright Future	23500	Alkoholmisbruik

2 ✓ Bokas/onderkas korrek
3 ✓ Letterspasiëring korrek
4 ✓ Nuwe rekord ingevoeg
5 ✓ Tabel volgens INSTELLING met ooreenstemmende inligting gesorteer
6 ✓ INSTELLING-kolom in dalende volgorde gesorteer

7 ✓ 'tieners' met 'tienderjariges" vervang (TWEE vervangings moet gedoen wees)
8 ✓ Kolomwydte aangepas – alle inligting leesbaar
9 ✓ Op EEN portretbladsy gedruk

A	M	T
8	9	17

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	1
MANIPULASIE	10
TOTAAL	11

VRAAGNOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
10.5	1	Spelfoute, weglating of bykomende teks in die grafiektitel tot 'n maksimum van EEN punt. EEN punt per fout.

VRAAGNR.	NOMMERING	PUNT	MANIPULASIE
10.2	1	✓	Verslag met *Report Wizard* geskep.
10.3	2	✓	Veld ingevoeg: GESLAG
10.3	3	✓	Veld ingevoeg: INSTELLING
10.3	4	✓	Veld ingevoeg: REHABILITASIES (Penaliseer indien bykomende velde nie ingevoeg is nie)
10.4	5	✓	*Tabular*-uitleg gebruik
10.5	6	✓	Verslagkopskrif geredigeer: EKSAMENNOMMER, HERSTELPROGRAMUITDAGINGS
10.6	7	✓	TOTALE REHABILITASIES korrek onder die laaste rekord ingevoeg
10.7	8	✓	TOTALE REHABILITASIES korrek bereken (240500)
10.8	9	✓	Verslagvoetskrif ingevoeg VRAAG 10 (linksbelyn)
10.10	10	✓	Verslag op EEN A4-landskapbladsy gedruk

[11]

1 Verslag met *Report Wizard* geskep✓	✓ Akkuraatheid – Verslagkopskrif

EKSAMENNOMMER, MIDDELMISBRUIKUITDAGINGS

GESLAG	INSTELLING	REHABILITASIES
Vroulike volwassenes	Success	12500
Vroulike jeugdiges	Pfundzo	38500
Manlike tienderjariges	My Destiny	13000
Mans en Vrouens	Millennium	130000
Manlike volwassenes	Mbalentle	9500
Manlike jeugdiges	Dyondzo	13500
Vroulike tienderjariges	Bright future	23500
TOTALE REHABILITASIES		240 500

VRAAG 10

2 ✓ Veld ingevoeg: GESLAG
3 ✓ Veld ingevoeg: INSTELLING
4 ✓ Veld ingevoeg: REHABILITASIES
5 ✓ *Tabuler*-uitleg
6 ✓ Verslagkopskrif korrek geredigeer
7 ✓ Nuwe teks korrek ingevoeg (TOTALE REHABILITASIES)
8 ✓ Aantal korrek bereken (240500)
9 ✓ Verslagvoetskrif korrek ingevoeg
10 ✓ Verslag op EEN A4-landskapbladsy gedruk

A	M	T
1	10	11

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 200